Sake24 (Beeld), 16.02.2011, General.jpg (1498x256x16M jpeg)

SAKE 24 (Beeld)
16 Feb 2011, p.5

Mededingingsappèlhof sê voertuigopspoorders is onskuldig

Amanda Visser, Pretoria

Drie van die land se bekende voertuigopspoorders het hulle nié skuldig gemaak aan onmededingende gedrag nie.

Dit is die bevinding van die Mededingingsappèlhof nadat Netstar, Tracker en Matrix appèl teen hul skuldigbevinding voor die Mededingingstribunaal aangeteken het.

Die maatskappye is verlede jaar ná 'n jare lange ondersoek deur die Mededingingskommissie en uiteindelike verhore voor die tribunaal daaraan skuldig bevind dat hulle hul mededingers uit die mark gesluit het.

Die was volgens Tracetec, die klaer in die saak, onmoontlik om aan die standaarde van 'n subkomitee van die opsporingsvereniging Vesa te voldoen

Eers as 'n opspoorder aan die standaarde voldoen het, kon hy akkreditasie by Vesa kry.

Omdat hy nie aan die standaard kon voldoen nie, is hy uit die mark gesluit.

Waarnemende regter M.J.D. Wallis het in sy uitspraak verwys na die rol van die SAIA, die versekeringsvereniging, en sy lede.

Die vraag wat in dié saak gevra moet word is of dit 'n ooreenkoms tussen dié voertuigopspoorders was wat tot 'n vermindering of verhindering van mededinging gelei het en of dit die optrede van SAIA en sy lede was.

Dit was vir hom duidelik dat dit eerder die SAIA en sy lede se optrede was wat tot die vermindering van mededinging gelei het.

Die standaard was op aandrang van die SAIA.

Dit was ook die SAIA wat deelgeneem het aan die voorbereiding van die standaard en ondersteuning gegee het met die bekendmaking daarvan.

Die meeste van sy lede het net afslag op premies gegee as die opspoorders by Vesa geakkrediteer was.

Wallis het beveel dat Tracetec die voertuigopspoorders se koste vir die appèl moet betaal.

Me. Riëtte Botha, Matrix se bestuurshoof, sê sy is verheug dat hul appèl suksesvol was.

Die behoefte aan 'n standaard is deur die SAIA aangedryf in 'n poging om die publiek en die versekeringsbedryf teen slenterorganisasies te beskerm.

"Die positiewe gevolg van die appèl is 'n bewys dat die standaarde nie onmededingend was nie en dat Tracetec nie in staat was om 'n werkende opsporingsproduk en diens te lewer soos wat hy aanvanklik beweer het nie."

Die partye het nie enige boetes ná hul skuldigbevinding betaal nie.